Printed by Creda Communications

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WYSIGINGSWETSONTWERP

**Tot wysiging van die Wes-Kaapse Wet op Dobbelary en Wedrenne, 1996, ten einde sekere woordbepalings te wysig en ander in te voeg; om renbaan- en renbaanperseellisensies te skrap, om uitsonderings te maak ten opsigte van die verpligting om sekere lisensieaansoeke te adverteer; om voorsiening te maak vir prosedures wat houers van operateurlisensies verplig om kullery en ander oortredings van die Wet of 'n dergelike wet aan die Raad te openbaar; om bedryfsmetodes van lisensiehouers te reguleer, om voorsiening te maak vir die verbeurdverklaring van goedere aan die Provinsie in gevalle waar 'n skulderkenningsboete betaal word, en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Provinsie Wes-Kaap, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 4 van 1996**

**1.** Artikel 1 van die Wet word hierby gewysig—

*(a)* deur die woordbepaling van ''Dobbelspel'' met die volgende woordbepaling te vervang:

'' **'Dobbelspel'** beteken enige spel wat gespeel word met of deur middel van kaarte of dobbelstene of 'n meganiese, elektromeganiese of elektroniese toestel, komponent of masjien of rekenaarhardeware of -sagteware wat na die betaling van geld, 'n tekenmunt of 'n dergelike voorwerp, of na betaling, hetsy regstreeks of onregstreeks, deur of namens 'n speler van enige teenprestasie hoegenaamd wat vereis word, beskikbaar is om gespeel of bedien te word en waarvan die speel of bediening **[waarvan]**, hetsy omrede die vaardigheid van die speler of bediener of die toepassing van 'n toevalselement of albei, aan die persoon wat die spel speel of aan enige ander regs- of natuurlike persoon deur daardie persoon benoem, kontant, eiendom, tjeks, krediet, kaarte, ontvangste of tekenmunte wat vir geld of handelsware of enige ding van waarde hoegenaamd omgeruil kan word, **[of enigiets van waarde hoegenaamd]** kan besorg, uitgesonderd onaflosbare gratis spelle, of sodanige persoon geregtig daarop kan maak om sodanige geld, tekenmunte, handelsware of ding van waarde te ontvang, ongeag of die uitbetaling outomaties of op enige ander wyse hoegenaamd gedoen word en omvat, sonder om inbreuk te maak op die algemeenheid van voorgenoemde, roulette, bingo, een-en-twintig, blackjack, chemin de fer, baccarat, poker, craps, punto banco en 'n dobbelspel wat op 'n muntoutomaat gespeel word.'';

*(b)* deur die woordbepaling van ''Muntoutomaat'' met die volgende woordbepaling te vervang:

'' **'Muntoutomaat'** beteken enige meganiese, elektriese, video- elektroniese of ander toestel, apparaat of masjien wat in verband met 'n dobbelspel gebruik word en wat, nadat geld, 'n tekenmunt of 'n dergelike voorwerp daarin geplaas is, of na betaling, hetsy regstreeks of onregstreeks, deur of namens 'n speler van enige teenprestasie hoegenaamd wat vereis word, beskikbaar is om gespeel of bedien te word en waarvan die speel of bediening, hetsy omrede van die vaardigheid van die speler of bediener of die toepassing van 'n toevalselement of albei, aan die persoon wat die outomaat speel of bedien, kontant, kaarte, ontvangste of tekenmunte wat vir kontant of handelsware of enige ding van waarde hoegenaamd, uitgesonderd onaflosbare gratis dobbelspelle, omgeruil kan word, kan besorg of sodanige persoon geregtig daarop kan maak om sodanige kontant, tekenmunte, handelsware of ding van waarde te ontvang, ongeag of die uitbetaling outomaties uit die outomaat of op enige ander wyse hoegenaamd gedoen word. Ondanks bogenoemde, sluit 'n 'muntoutomaat' enige masjien, apparaat of toestel in wat—

*(a)* die vermoë het om as prys, beloning of teenprestasie vir die geslaagde speel van die betrokke spel meer as een munt, tekenmunt of ander teenprestasie van voldoende waarde te verskaf om die speler in staat te stel om, deur die plasing, of op enige ander wyse die bewerkstelliging van die plasing in sodanige masjien of die registrasie daardeur van sodanige munte, tekenmunte of ander teenprestasie, meer as een ander verdere spel te speel, of die geleentheid bied om onmiddellik meer as tien verdere spelle te speel sonder om 'n ander munt, tekenmunt of ander teenprestasie in te voeg;

*(b)* 'n spel bied, waarvan die uitslag bepaal of vertoon word deur middel van spoele, hetsy meganies of video-gegenereer, of volgens enige dergelike beginsel gedryf word;

*(c)* 'n onvolledige masjien, toestel of apparaat is wat 'n muntoutomaat was, maar later gewysig is, of wat 'n muntoutomaat is of bedoel was om 'n muntoutomaat gemaak te word, insluitende, maar nie beperk nie tot, enige sodanige masjien, toestel of apparaat wat 'n identifikasieplaat bevat wat die vervaardiger se reeksnommer aantoon, of

*(d)* ten opsigte waarvan die verantwoordelike Lid by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* verklaar het dat dit 'n muntoutomaat is.'';

*(c)* deur die woordbepaling van ''Perseellisensie'' met die volgende woordbepaling te vervang:

'' **'Perseellisensie'** beteken 'n lisensie in artikel 27*(c)*, *(d*A*)*, **[*(h*A*)*,]** *(j)* en *(k*A*)* genoem.'';

*(d)* deur die woordbepaling van ''Sosiale dobbelary'' met die volgende woordbepaling te vervang:

'' **'Sosiale dobbelary'** beteken—

*(a)* die speel van 'n dobbelspel, uitgesonderd die gebruik van 'n muntoutomaat en uitgesonderd enige ander dobbelspel waarby die gebruik, bediening of besit van 'n dobbeltoestel betrokke is, in 'n privaat woonhuis, 'n kerk-, skool- of gemeenskapsaal, 'n klubhuis wat behoort aan 'n werklike sportklub of dié ander plek wat die Raad van tyd tot tyd goedkeur, wat nie met 'n winsoogmerk bedryf of beoefen word nie en waar geen persoon regstreeks of onregstreeks enige vorm van besoldiging of vergoeding ontvang vir die bedryf, beoefening, voer, handhawing of voorsiening van sodanige dobbelspel nie;

*(b)* die speel van **[enige dobbelspel, uitgesonderd die gebruik van 'n muntoutomaat,]** bingo, ingevolge artikel 67(1)*(c)* gemagtig, vir die doel van werklike fondsinsameling deur 'n kerk, skool, sportklub of entiteit behoorlik ingevolge die Wet op Fondsinsameling, 1978 (Wet 107 van 1978), geregistreer of enige ander entiteit wat die Raad van tyd tot tyd bepaal, waar geen persoon uitgeson-

derd 'n persoon genoem in hierdie paragraaf regstreeks of onregstreeks enige wins maak of enige vorm van besoldiging of vergoeding ontvang vir die bedryf, uitvoering, instandhouding of voorsiening van sodanige dobbelspel nie, en ooreenkomstig die prosedures en onderworpe aan die voorwaardes wat die Raad van tyd tot tyd bepaal, en

*(c)* die speel van 'n vermaakspel, wat vir die toepassing van hierdie Wet 'n spel, soos voorgeskryf, beteken.''; en

*(e)* deur die volgende woordbepaling na die woordbepaling van ''Munt-outomaat'' in te voeg:

'' **'Onaflosbare gratis spel'** beteken 'n geleentheid, wat gewen word deur 'n spel met welslae te gespeel het, vir die speel van 'n verdere spel, sonder betaling van enige teenprestasie wat normaalweg vereis word vir die speel van sodanige spel, wat nie afgelos, verdeel of oorgedra kan word nie aan die persoon wat sodanige geleentheid gewen het of enige ander persoon vir enige ander doel as om sodanige geleentheid sonder onderbreking te gebruik om voort te gaan om die tipe spel te speel ten opsigte waarvan die geleentheid gewen is, op dieselfde masjien, toestel of apparaat as dié waarop die geleentheid gewen is, en wat 'n geleentheid wat op enige ander wyse omskep kan word in geld, eiendom, tjeks, krediet, pryse, die kwalifisering vir ander pryse of enige ding van waarde uitsluit.''.

**Wysiging van artikel 27 van Wet 4 van 1996**

**2.** Artikel 27 van die Wet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel *(h)* te skrap; en

*(b)* deur subartikel *(h*A*)* te skrap.

**Wysiging van artikel 32 van Wet 4 van 1996**

**3.** Artikel 32 van die Wet word hierby in subartikel (2) gewysig deur paragraaf *(a)* met die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* 'n kennisgewing van die aansoek in die *Provinsiale Koerant* en die ander gedrukte media wat hy of sy geskik ag, laat publiseer **[en]**; met dien verstande dat van hierdie vereiste afgesien kan word waar aansoeke om perseellisensies ontvang is ten opsigte van—

(i) persele waartoe die algemene publiek nie fisiese toegang sal hê vir die doel van dobbelary of weddery nie, of

(ii) persele wat reeds vir dobbelary of weddery gebruik word op gesag van 'n lisensie deur die Raad uitgereik, en''.

**Wysiging van artikel 42 van Wet 4 van 1996**

**4.** Artikel 42 van die Wet word hierby in subartikel (1) gewysig deur die volgende paragraaf na paragraaf *(m)* in te voeg:

''*(n)* die houer van 'n operateurlisensie opsetlik of volhardend bedryfsmetodes gebruik of toelaat wat deur die Raad as onwenslik geag word.''.

**Wysiging van artikel 50 van Wet 4 van 1996**

**5.** Artikel 50 van die Wet word hierby gewysig deur subartikel (3) met die volgende subartikel te vervang:

''(3) 'n Vervaardigerlisensie magtig die invoer, aanskaffing, vervaardiging, montering, instandhouding, herstel, verandering, verspreiding, verhuur of verkoop van die tipes **[en modelle]** dobbeltoestelle in die lisensie uiteengesit.''.

**Skrapping van artikel 52 van Wet 4 van 1996**

**6.** Artikel 52 van die Wet word hierby geskrap.

**Skrapping van artikel 52A van Wet 4 van 1996**

**7.** Artikel 52A van die Wet word hierby geskrap.

**Wysiging van artikel 56 van Wet 4 van 1996**

**8.** Artikel 56 van die Wet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) met die volgende subartikel te vervang:

"(2) Ondanks die bepalings van subartikels (1) en (9), word persone **[Persone]** wat in diens is van die houers van die lisensies beoog in artikel 27*(a)*, *(b)*, *(d)* en *(f)* in enige van die volgende poste of in poste wat wesenlik soortgelyk is, **[word]** vir die toepassing van hierdie artikel as sleutelwerknemers beskou:

*(a)* bestuurders;

*(b)* toesighouers;

*(c)* kuilbase;

*(d)* inspekteurs;

*(e)* waarnemingspersoneel, en

*(f)* enige ander pos wat die Raad beskou as die pos van 'n sleutelwerknemer in die algemeen of met betrekking tot enige dobbelbesigheid in die besonder.", en

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (8) in te voeg:

"(9) Vir die toepassing van hierdie artikel beteken direkte beheer oor dobbelarybedrywighede of aktiwiteite deur die hooflisensie gemagtig, die uitdruklike, stilswyende of redelik daarmee gepaardgaande bevoegdheid om oor enige aktiwiteit ten opsigte van dobbelarybedrywighede toesig te hou, dit te monitor of andersins te beheer waardeur, na die mening van die Raad, die persoon wat met daardie bevoegdheid beklee word, redelik by magte is—

*(a)* om die seleksie van kriteria wat die uitslag van enige dobbelspel, gebeurtenis of gebeurlikheid bepaal, te manipuleer of te verander;

*(b)* om artikel 70 te oortree, of

*(c)* om enige owerheid 'n wanindruk van die lisensiehouer se belastingaanspreeklikheid te gee.".

**Wysiging van artikel 57 van Wet 4 van 1996**

**9.** Artikel 57 van die Wet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) met die volgende subartikel te vervang:

"(2) Ondanks die bepalings van subartikels (1) en (6), word persone **[Persone]** wat in diens is van die houers van die lisensies beoog in artikel 27*(a)*, *(b)*, *(d)* en *(f)* in enige van die volgende poste of in poste wat wesenlik soortgelyk is, **[word]** vir die toepassing van hierdie artikel as dobbelarywerknemers beskou:

*(a)* kassiere en kaartjieverkopers;

*(b)* telkamerpersoneel;

*(c)* kaartgewers en kroepiers;

*(d)* masjienwerktuigkundiges**[;]**, en

*(e)* **[boekmakersklerke, en**

***(f)*]** veiligheidspersoneel.", en

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (5) in te voeg:

"(6) Vir die toepassing van hierdie artikel beteken regstreekse betrokkenheid by die aktiwiteite kragtens die hooflisensie verrig die uitdruklike, stilswyende of redelik daarmee gepaardgaande bevoegdheid om enige aktiwiteit ten opsigte van die dobbelarybedrywighede van die hooflisensiehouer te verrig waardeur, na die mening van die Raad, die persoon wat met daardie bevoegdheid beklee word, redelik by magte is—

*(a)* om die seleksie van kriteria wat die uitslag van enige dobbelspel, gebeurtenis of gebeurlikheid bepaal, te manipuleer of te verander;

*(b)* om artikel 70 te oortree, of

*(c)* om enige owerheid 'n wanindruk van die hooflisensiehouer se belastingaanspreeklikheid te gee.".

**Wysiging van artikel 67 van Wet 4 van 1996**

**10.** Artikel 67 van die Wet word hierby in subartikel (1) gewysig deur paragraaf *(c)* met die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* enige dobbeltoestel, uitgesonderd speelkaarte of dobbelstene, besit nie; met dien verstande dat die besit van dobbeltoestelle sonder 'n lisensie nie 'n misdryf sal wees nie indien die persoon wat in besit daarvan is, sodanige dobbeltoestelle uitsluitlik vir die doel van demonstrasie, promosie binne die bedryf, sosiale dobbelary soos in artikel 1 bedoel, of sodanige dergelike doel as wat die Raad, voordat sodanige dobbeltoestelle besit word en na ontvangs van 'n aansoek deur sodanige voornemende besitter, skriftelik magtig, en met dien verstande voorts dat sodanige dobbeltoestelle wettiglik kragtens hierdie paragraaf besit mag word slegs vir sodanige tydperk en op of by sodanige perseel soos deur die Raad gespesifiseer in sodanige magtiging, besit.".

**Invoeging van artikel 70A in Wet 4 van 1996**

**11.** Die volgende artikel word hierby na artikel 70 van die Wet ingevoeg:

**"Verslae oor kullery en oortredings van Wet of dergelike wet**

**70A.** (1) Die houer van 'n operateurlisensie moet binne drie dae vanaf die datum van ontdekking of die eerste mededeling aan hom van enige beweerde voorkoms van kullery of van enige beweerde oortreding van—

*(a)* hierdie Wet, of

*(b)* enige dergelike wet wat dobbelary in enige jurisdiksie reguleer,

in of op sy dobbelaryonderneming of enige ander dobbelaryonderneming wat geheel en al of gedeeltelik bedryf word deur die persoon wat sy dobbelarybesigheid bedryf, die Raad skriftelik daaroor inlig.

(2) Die skriftelike mededeling beoog in subartikel (1) moet besonderhede verskaf van enige stappe wat die lisensiehouer gedoen het, doen of gaan doen na aanleiding van die beweerde kullery of oortreding.".

**Invoeging van artikel 72A in Wet 4 van 1996**

**12.** Die volgende artikel word hierby na artikel 72 van die Wet ingevoeg:

**"Bedryfsmetodes**

**72A.** (1) Die houer van 'n operateurlisensie is te alle tye verantwoordelik vir die ontwikkeling, implementering en instandhouding van geskikte bedryfsmetodes ten opsigte van dobbelary, wedrenne of weddery en aktiwiteite wat daarmee in verband staan, op alle gelisensieerde persele waarop hy enige sodanige aktiwiteit beoefen.

(2) Indien die Raad as gevolg van enige verhoor, ondersoek of navraag of na aanleiding van inligting wat 'n gemagtigde beampte aan hom verskaf het, tevrede is dat enige bedryfsmetode wat die houer van 'n operateurlisensie gebruik, ongewens is, mag hy 'n skriftelike mededeling op die voorgeskrewe wyse aan sodanige lisensiehouer besorg, waarin die ongewenste bedryfsmetode uiteengesit word en die lisensiehouer aangesê word om die ongewenste bedryfsmetode te staak of reg te stel.

(3) Die opsetlike of volhardende gebruik of toelating van bedryfsmetodes wat deur die Raad ongewens geag word, dien as grondslag vir die intrekking of opskorting van 'n operateurlisensie of vir die verrigting van enige ander dissiplinêre handeling deur of kragtens hierdie Wet voorgeskryf, soos die Raad mag goeddink.".

**Invoeging van artikel 72B in Wet 4 van 1996**

**13.** Die volgende artikel word hierby na artikel 72A van die Wet ingevoeg:

**"Ongewenste bedryfsmetodes**

**72B.** Enige handeling of versuim deur die houer van 'n operateurlisensie of sy agente of werknemers wat na die mening van die Raad skadelik is vir die openbare gesondheid, veiligheid, sedes, goeie orde en algemene welsyn van die mense van die Provinsie, of wat die Provinsie of die dobbelarybedryf 'n oneer kan aandoen, kan deur die Raad geag word 'n ongewenste bedryfsmetode te wees, insluitende, maar nie beperk nie, tot die volgende handelings of versuime:

*(a)* op 'n gelisensieerde perseel, om persone wat klaarblyklik sigbaar onder die invloed van sterk drank is, toe te laat om aan enige dobbelary-aktiwiteit deel te neem;

*(b)* op 'n gelisensieerde perseel, om sterk drank te bedien aan enige persoon wat aan enige dobbelary-aktiwiteit deelneem en klaarblyklik sigbaar onder die invloed van drank is;

*(c)* om in of op 'n gelisensieerde perseel enige kaarte, dobbelstene, meganiese toestel of enige ander kultoestel hoegenaamd, waarvan die gebruik regtens verbied word, sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die Raad te besit of toe te laat dat dit daar bly;

*(d)* op 'n gelisensieerde perseel, om enige kul- of steelspel of -toestel te bedien of andersins te gebruik wat op enige wyse gemerk, mee gepeuter of andersins in 'n toestand gestel is, of op 'n wyse bedryf word, wat neig om die publiek te mislei of wat neig om die normale lukraak seleksie van kriteria wat die uitslag van die spel bepaal, te verander, te manipuleer of ongedaan te maak;

*(e)* versuim van die lisensiehouer om dobbelarybedrywighede in ooreenstemming met redelike standaarde van gebruik, ordentlikheid en fatsoenlikheid te beoefen;

*(f)* die verkoop of toewysing van enige dobbelary-kredietinstrument deur 'n lisensiehouer, tensy dit aan 'n openbare handels- of ander erkende finansiële instelling verkoop word ooreenkomstig 'n skriftelike kontrak wat vir voorafgoedkeuring aan die Raad voorgelê is, behalwe soos voorsiening gemaak daarvoor in hierdie Wet, en

*(g)* die uitreiking deur 'n lisensiehouer van krediet aan 'n kliënt om die kliënt in staat te stel om skuld aan 'n ander lisensiehouer of persoon te betaal.".

**Wysiging van artikel 77 van Wet 4 van 1996**

**14.** Artikel 77 van die Wet word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

"(2) By betaling deur 'n persoon van 'n skulderkenningsboete kragtens artikel 57 artikel 57 van die Strafproseswet ten aansien van 'n aanklag van 'n oortreding van artikel 67(1)*(a)*, 67(1)*(c)* of 69(1)*(a)* van hierdie Wet, sal enige item beoog in subartikel (1), waarop ingevolge hierdie Wet of die Strafproseswet beslag gelê is, aan die Provinsie verbeurd verklaar word, waarna die bepalings van artikel 35 van die Strafproseswet, van toepassing sal wees op enigiets ingevolge hierdie artikel verbeurd verklaar.".

**Kort titel**

**15.** Hierdie Wet heet die Negende Wes-Kaapse Wysigingswet op Dobbelary en Wedrenne, 2000.

## VERKLARENDE MEMORANDUM

## NEGENDE WES-KAAPSE WYSIGINGSWETSONTWERP OP DOBBELARY EN WEDRENNE

**1. Voorgestelde wysiging van artikel 1 van Wet 4 van 1996**

1.1 Die voorgestelde wysiging van die woordbepaling van **"dobbelspel"** is bedoel om die woordbepaling te verbreed sodat spelle wat andersins binne die omskrywing val, maar ten opsigte waarvan die bedrag wat verwed word, nie deur die speler self verwed word nie, ingesluit word. Soos die omskrywing tans daar uitsien, kom dit tegnies daarop neer dat, wanneer 'n ander persoon as die werklike speler 'n bedrag verwed, die spel wat op dié wyse gespeel word, nie 'n "dobbelspel" is nie. Daarbenewens verbreed die voorgestelde wysiging die omskrywing deur spelle in te sluit wat andersins binne die omskrywing val, maar ten opsigte waarvan die prysgeld nie noodwendig aan die speler self betaal word nie, maar ook aan enige ander persoon, hetsy 'n regspersoon of 'n natuurlike persoon, wat deur die speler benoem is. Dit sal die situasie dek waar 'n speler kriminele aanspreeklikheid kan ontwyk deur, byvoorbeeld, te stipuleer dat enige prysgeld in die rekening van 'n ander persoon wat die speler benoem het, betaal moet word. Verder word voorgestel dat die woordbepaling verbreed word deur kaarte en ontvangste in te sluit in die reeks van moontlike voordele wat aan die speler gebied kan word, want die ondervinding het getoon dat dit in die onwettige bedryf algemene praktyk is om 'n speler wat wen te voorsien van kaarte of ontvangste wat daarna vir kontant of items van waarde omgeruil kan word.

1.2 Die voorgestelde wysiging van die woordbepaling van **"perseellisensie"** weerspieël die voorgestelde minder kategorieë van perseellisensies. Die motivering vir hierdie voorstel sal in paragraaf 2.1 uiteengesit word.

1.3 Die voorgestelde wysiging van die woordbepaling van **"muntoutomaat"** is ook hier nodig bevind met die oog op die werkwyse van die onwettige bedryf. In hierdie geval is dit nodig om dieselfde wysigings aan te bring as wat ten opsigte van die woordbepaling van "dobbelspel" voorgestel word. Die voorgestelde wysiging maak boonop voorsiening dat die volgende masjiene, wat die onwettige bedryf ter beoefening van onwettige dobbelary-aktiwiteite op groot skaal gebruik, as "muntoutomate" kwalifiseer:

1.3.1 masjiene wat aan die suksesvolle speler munte of tekenmunte bied wat van groter waarde is as wat nodig is om een verdere spel te speel, want wanneer sulke munte of tekenmunte in die masjien geplaas word of die masjien op 'n ander wyse bewerk word, word krediete geregistreer wat dié groter waarde verteenwoordig, of spelle bied wat die suksesvolle wenner in die geleentheid stel om die spel meer as 'n verdere tien keer te speel sonder om verdere munte of tekenmunte in te gooi of verdere betaling te doen;

1.3.2 masjiene wat spelle bied waarvan die uitslag deur middel van meganiese of video-gegenereerde spoele bepaal word, of masjiene wat volgens enige dergelike beginsel werk;

1.3.3 masjiene wat voorheen muntoutomate was, maar wat gemodifiseer is of bedoel is of was om muntoutomate van gemaak te word, insluitende masjiene wat die vervaardiger se reeksnommer vertoon, of

1.3.4 masjiene ten opsigte waarvan die verantwoordelike Lid by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* verklaar het dat hulle muntoutomate is.

1.4 Die voorgestelde wysiging van die woordbepaling van **"sosiale dobbelary"** verbied effektief die gebruik, bediening of besit van 'n dobbeltoestel vir die doel van sosiale dobbelary, en beperk sosiale dobbelary vir die doeleindes van fondsinsameling tot die speel van bingo, wat vooraf skriftelik deur die Raad gemagtig moet word, sodat die besit van die dobbeltoestelle wat vir die beoefening van dié sosiale dobbelary nodig is, wettig sal wees. Die wysiging is van kritieke belang vir die effektiwiteit van strafregtelike verrigtinge wat voortspruit uit onwettige aktiwiteite, aangesien dit die moontlike verweer van sosiale dobbelary in die geval van die besit van dobbeltoestelle sal uitskakel, tensy voorafverkreë magtiging ingevolge artikel 67(1)*(c)* van die Wet deur die Raad verleen is.

1.5 Daar word verder voorgestel dat 'n woordbepaling van die begrip **"onaflosbare gratis spel"** ingevoeg word ten einde die skuiwergate toe te stop wat deur die uitleg van die begrip "muntoutomaat" ontstaan het. Die voorgestelde woordbepaling stel dit duidelik dat 'n onaflosbare gratis spel nie na 'n ander persoon as die persoon wat dit gewen het, oorgedra kan word nie, dat dit nie geskei kan word van die masjien waarop dit gewen is nie, nie in 'n later stadium geëis en gebruik kan word deur die speler wat dit gewen het nie, en nie omgeskep kan word in enige ding van waarde nie. Dit is belangrik dat hierdie woordbepaling ingevoeg word om dié kwessies duidelik te stel, want 'n masjien wat niks meer as 'n "onaflosbare gratis spel" bied nie, sal nie as 'n "muntoutomaat" kwalifiseer nie. Die voorgestelde omskrywing sal talle praktyke in die onwettige bedryf uitskakel, waar bogenoemde skemas onder die dekmantel van die begrip van "onaflosbare gratis spel" gebruik word.

**2. Voorgestelde wysiging van artikel 27 van Wet 4 van 1996**

Die voorgestelde wysigings van artikel 27 verwyder renbaan- en renbaanperseellisensies van die reeks verskillende lisensies wat deur die Raad uitgereik kan word. In hierdie verband, aangesien daar reeds aan die Westelike Provinsie Wedrenklub 'n totalisator-operateurlisensie en 'n reeks totalisatorperseellisensies (waarvan een spesifiek betrekking op die renbaan het) uitgereik is, is dit duidelik dat 'n renbaan- en renbaanperseellisensie oortollig is. Dit is geensins nodig om die renbaan en die perseel waarop dit gesetel is afsonderlik te lisensieër nie, omdat die geskiktheid van die perseel met inagneming van die bedrywighede wat daarop plaasvind reeds gedek word deur die totalisator-operateurlisensie. Daar is geen vooruitsig dat enige persoon perdewedrenne sou wou aanbied sonder om gelyktydig om 'n totalisator-operateur- en perseellisensie aansoek te doen nie. Die renbaan- en renbaanperseellisensies dien dus geen noemenswaardige, indien enige, doel nie, en daar word voorgestel dat dit geskrap word.

**3. Voorgestelde wysiging van artikel 32 van Wet 4 van 1996**

Hierdie voorgestelde wysiging is gemik op die opheffing van die verpligting om lisensieaansoeke te adverteer in spesifieke omstandighede waar die advertering daarvan oorbodig is of onbillike koste vir aansoekers veroorsaak. As 'n perseellisensie reeds vir 'n bepaalde perseel toegestaan is om, byvoorbeeld, as 'n totalisatorperseel bedryf te word, en daar dus vir die proses van openbare deelname voorsiening gemaak is, is daar weinig regverdiging vir die verdere advertering van dieselfde perseel wanneer 'n aansoek om 'n boekmaker-perseellisensie deur die Raad ontvang word. Sover dit perseellisensies aangaan, is die rasionaal vir advertering om terugvoering van die gemeenskap oor die beoogde beoefening van dobbelary-aktiwiteite in sy gebied te verkry. Wanneer dit eers gedoen is en 'n perseel gelisensieer is, wil dit voorkom asof verdere advertensies, wat baie duur vir die aansoeker is, ten opsigte van dieselfde perseel waarop dobbelary- of weddery of verwante aktiwiteite reeds beoefen word, ongeregverdig is. Eweneens kan daar redelikerwys afgesien word van die vereiste, wat baie duur is, om te adverteer in omstandighede waar die betrokke perseel net gebruik gaan word vir weddenskappe wat deur middel van telefoniese transaksies aangegaan word en die publiek dus nie toegang tot so 'n perseel sal hê met die doel om te dobbel of weddenskappe aan te gaan nie. Die voorgestelde wysiging het slegs betrekking op perseellisensies, en daar word voorgestel dat die vereiste om te adverteer net in hierdie gevalle agterweë gelaat word.

**4. Voorgestelde wysiging van artikel 42 van Wet 4 van 1996**

Die voorgestelde wysiging van artikel 42 is van 'n formele aard en maak voorsiening vir die opsie dat 'n lisensie opgeskort of ingetrek word in die omstandighede wat in die voorgestelde artikel 72A(3) beskryf word en wat in paragraaf 6 hieronder bespreek word.

**5. Voorgestelde wysiging van artikel 50 van Wet 4 van 1996**

Die voorgestelde wysiging van artikel 50 is bedoel om die administratiewe funksionering van die Raad te stroomlyn omdat dit onprakties is dat 'n vervaardigerlisensie moet bepaal watter modelle van dobbeltoestelle die lisensiehouer gemagtig is om in te handel. Modelle van dieselfde tipe dobbeltoestel word gereeld opgedateer, en volgens die huidige posisie sal die lisensie elke keer gewysig moet word wanneer nuwe modelle van dieselfde tipe dobbeltoestel wat deur die lisensie gemagtig word, vrygestel word. Dit sal 'n groot administratiewe las tot gevolg hê, sonder om enigsins tot die meer doeltreffende regulering van die bedryf by te dra. Wanneer 'n vervaardiger egter in 'n nuwe tipe dobbeltoestel wil handel, sal 'n wysiging van die lisensie steeds nodig wees.

**6. Voorgestelde skrapping van artikel 52 van Wet 4 van 1996**

Hierdie voorgestelde wysiging skrap effektief die beskrywing van 'n renbaanlisensie as synde 'n lisensietipe wat deur die Raad uitgereik kan word.

**7. Voorgestelde skrapping van artikel 52A van Wet 4 van 1996**

Hierdie voorgestelde wysiging skrap effektief die beskrywing van 'n renbaanperseellisensie as synde 'n lisensietipe wat deur die Raad uitgereik kan word.

**8. Voorgestelde wysiging van artikel 56 van Wet 4 van 1996**

8.1 Die Raad is nou reeds twee jaar lank besig om die perdewedrenbedryf aktief te reguleer. In die proses het hy met die bedryf en die aard daarvan vertroud geraak. Die enorme verskil wat daar bestaan tussen die take wat verrig word deur werknemers in die casinobedryf en dié wat in die perdewedrenbedryf in diens is, moet beklemtoon word.

8.2 Bogenoemde verskil is grotendeels toe te skryf aan die aard van die werk wat deur die onderskeie werknemers verrig word en die geleentheid wat dit skep om die stelsel te manipuleer. In die perdewedrenbedryf het werknemers soos toesighouers en kassiers wesenlik 'n roetinerol om te vervul. Die kassier teken slegs die speler se wedvoorkeure aan wat neerkom op 'n gerekenariseerde weddery- en rekeningkundige stelsel, ontvang betaling vir die transaksie en betaal 'n bedrag wat deur die stelsel bereken word aan die speler as die speler wen. Die kassier kan niks doen om die uitslag van die gebeurtenis of gebeurlikheid ten opsigte waarvan die weddenskap aangegaan word, te beïnvloed nie. Die toesighouer staan die kassier slegs in 'n administratiewe sin by en hou toesig oor die werking van 'n sekere deel van die totalisator. Daar is geen kans op enige sameswering tussen werknemers en spelers of die manipulering van die stelsel om die uitslag te beïnvloed of kullery aan te moedig nie. As die kassier geld sou steel, sou die gerekenariseerde stelsel aandui dat die kassier te min geld het, en in daardie geval sou die kassier daarvoor verantwoordelik wees om die bedrag(e) aan die Klub terug te betaal. Dieselfde geld vir 'n boekmakersklerk wat op 'n gerekenariseerde stelsel werk. Sulke stelsels, waarvan die aard en spesifikasies deur die Raad goedgekeur moet word vóór die ingebruikneming daarvan, sal in die jaar 2000 verpligtend word.

8.3 Aan die ander kant het kaartgewers en kroepiers wat in 'n casino-omgewing werk, wel die kans (soos al gebeur het) om met spelers saam te span in skemas wat beoog om die uitslag van die gebeurtenis waarop gewed word, te manipuleer. Sulke skemas sluit byvoorbeeld die gebruik van gemerkte kaarte, die skynskommeling van kaarte deur die kaartgewer, en talle ander in. Dit is kennelik in belang van die bedryf, en van die publiek wat op die integriteit van die bedryf staatmaak, dat hierdie persone aan onkreukbaarheidsondersoeke onderwerp moet word en dat hulle gelisensieer moet word. Persone wat oor hierdie personeel toesig hou, kan eweneens by sulke skemas betrek word, en dit is derhalwe noodsaaklik dat hulle ondersoek en gelisensieer word.

8.4 Volgens die Wet moet albei klasse werknemers wat hierbo bespreek word, ondersoek en gelisensieer word, al is daar geen redelike grond vir die lisensiëring van dié soort werknemers wat hulle in die perdewedrenbedryf bevind nie, omdat hulle nie 'n bedreiging vir die eerbaarheid of geloofwaardigheid van die bedryf inhou nie. Daar word dus voorgestel dat veranderings aan die Wet aangebring moet word om hierdie werklikhede te weerspieël. In die geval van persone in diens in die perdewedrenbedryf, wat meestal hul funksies op 'n geleentheidsgrondslag verrig en dié werksgebied betree omdat hulle geld nodig het, is 'n naderende eerbaarheidsondersoek vreesaanjaend en kan dit die voornemende werknemer daarvan weerhou om selfs te begin werk. Hierdie situasie word vererger as in aanmerking geneem word dat daar min of geen redelike verklaring is waarom onkreukbaarheidsondersoeke en lisensiëring ten opsigte van sulke persone vereis word nie.

8.5 Die artikels van die Wet wat met die lisensiëring van bogenoemde tipes werknemers handel, is artikels 56 en 57.

8.6 Die voorgestelde wysigings aan artikel 56, wat oor die sleutelwerknemer-lisensie-tipe gaan, bepaal dat die kategorieë van persone gelys in subartikel (2) outomaties as sleutelwerknemers kwalifiseer slegs as hulle in diens geneem word deur die houers van casino-operateurlisensies, beperktedobbelmasjien-operateurlisensies, bingolisensies of vervaardigerlisensies. Hierdie wysiging word voorgestel omdat elk van hierdie kategorieë van persone met reg as sleutelwerknemers geklassifiseer word op grond van die werk wat hulle vir die houers van hierdie hooflisensies verrig. Deurdat die Wet hierdie kategorieë met vaste tipes lisensies koppel, word persone soos bestuurders of toesighouers in die wedrenbedryf, wie se funksies geen impak op die integriteit van die wedtransaksies of die uitslag daarvan het nie, uit die outomatiese trefwydte van die omskrywing van "sleutelwerknemers" verwyder.

8.7 Die voorgestelde subartikel (9), soos saamgelees met subartikel (1), stel dit egter duidelik dat enigeen wat aangestel word deur enige lisensiehouer wat direkte beheer oor dobbelarybedrywighede uitoefen, 'n sleutelwerknemers-lisensie moet hê. Die voorgestelde subartikel (9) bepaal dat wanneer 'n persoon ook al na die mening van die Raad op grond van die funksie wat hy of sy verrig, redelik by magte is om die uitslag van die dobbelspel of weddenskap te manipuleer, te kul of aan 'n kullery deel te hê of die lisensiehouer se belastingaanspreeklikheid verkeerd voor te stel, daardie persoon as 'n sleutelwerknemer gelisensieer moet word.

8.8 Die wysigings hierbo voorgestel is noukeurig opgestel met die oog daarop om die statutêre vereistes van onkreukbaarheidsondersoeke en lisensiëring te behou waar dit geregverdig is, maar om daarmee weg te doen waar dit geen doel dien nie. Op hierdie wyse sou enigiemand wie se posbeskrywing hom of haar in staat stel om enige van die kerndoelwitte van die Wet by die verrigting van sy of haar funksies te verydel, ingevolge die nuwe subartikels gelisensieer en ondersoek moet word.

8.9 Daarbenewens is die kategorieë van persone wat outomaties gelisensieer moet word as óf sleutel- óf dobbelarywerknemers, uitdruklik behou waar sulke persone die werknemers is van die houers van casino-operateurlisensies, beperktedobbelmasjien-operateurlisensies, bingolisensies en vervaardigerlisensies. Al hierdie kategorieë van persone sal steeds aan lisensiëring onderworpe wees, omdat elkeen, uit hoofde van die aktiwiteite wat hy of sy verrig, potensieel 'n risiko vir die kerndoelwitte van die Wet inhou.

8.10 Allerbelangrik is die feit dat, in gevalle waar enige klas werknemer, hetsy in die perdewedren- of die dobbelarybedryf, na die mening van die Raad uit hoofde van die funksies wat hy of sy verrig, in 'n posisie is om regstreeks of onregstreeks of stilswyend die seleksie van kriteria wat die uitslag van die spel bepaal, te manipuleer of te verander, artikel 70 wat met kullery verband hou, te oortree of die belastingaanspreeklikheid van die lisensiehouer verkeerd voor te stel, so 'n werknemer as 'n sleutelwerknemer beskou sal word en as sodanig ondersoek en gelisensieer sal moet word. Dit is ook noemenswaardig dat die voorgestelde wysiging die Raad magtig om na vrye goeddunke te bepaal of werknemers by so 'n kategorie behoort.

8.11 Daar word aan die hand gedoen dat die voorgestelde wysigings die klem plaas waar dit hoort, naamlik op die redelike skakel tussen die soort werk wat die betrokke werknemer verrig en die risiko wat dit vir die eerbaarheid en geloofwaardigheid van die bedryf inhou.

**9. Voorgestelde wysiging van artikel 57 van Wet 4 van 1996**

9.1 Die kommentaar in paragraaf 8 hierbo is hier regstreeks toepaslik. Daar word voorgestel om op 'n wyse wat ooreenstem met die voorgestelde wysigings aan artikel 56, te werk te gaan met artikel 57, wat oor dobbelarywerknemerslisensies gaan, sodat—

9.1.1 slegs die gelyste kategorieë van werknemers van die houers van casino-operateurlisensies, beperktedobbelmasjien-operateurlisensies, bingolisensies en vervaardigerlisensies vir die toepassing van die Wet outomaties gelisensieer moet word;

9.1.2 boekmakersklerke van die gelyste kategorieë uitgesluit word (op grond daarvan dat 'n boekmakersklerk wat sy of haar funksies op 'n gerekenariseerde wedderystelsel verrig, geen bedreiging vir die kerndoelwitte van die Wet sal inhou nie), en

9.1.3 ingevolge die voorgestelde subartikel (6), alle werknemers wat regstreeks betrokke is by die aktiwiteite wat kragtens die hooflisensie uitgevoer word, wat omskryf is om te beteken dat hulle die vermoë het om die uitslag van die dobbelspel of weddenskap te manipuleer, te kul of aan kullery deel te hê, of die belastingaanspreeklikheid van die kernlisensiehouer verkeerd voor te stel, gelisensieer sal moet word. So, byvoorbeeld, sou 'n boekmakersklerk wat 'n hand-wedderystelsel gebruik, uit hoofde van die funksies wat hy of sy verrig, potensieel in 'n posisie wees om die uitslag te manipuleer of belastingaanspreeklikheid verkeerd voor te stel (byvoorbeeld deur denkbeeldige weddenskappe op te teken) en sou hy of sy dus as 'n dobbelarywerknemer gelisensieer moet word. Aan die ander kant sou 'n boekmakersklerk wat 'n gerekenariseerde stelsel gebruik wat deur die Raad goedgekeur is, in dieselfde posisie wees as 'n werknemer van die totalisator en sou so 'n werknemer dus nie gelisensieer hoef te word nie.

**10. Voorgestelde wysiging van artikel 67 van Wet 4 van 1996**

10.1 Die voorgestelde wysiging van artikel 67(1)*(c)* maak voorsiening vir die bevoegdheid van die Raad om, op aansoek, die ongelisensieerde besit van dobbeltoestelle vir 'n gespesifiseerde tydperk vooraf goed te keur, mits sulke dobbeltoestelle besit gaan word vir die bykomende doel van ''sosiale dobbelary''. In hierdie konteks, verwys sosiale dobbelary na die speel van bingo vir die doel van werklike fondsinsameling. Die aanvaarding van hierdie benadering sal effektief die voorkoms van vals verwere van ''sosiale dobbelary'' in strafregtelike verrigtinge hokslaan, aangesien persone in besit van sodanige toestelle of in besit sal wees van 'n magtiging ten aansien van sodanige besit deur die Raad uitgereik, in welke geval sodanige besit wettig sal wees, of nie, in welke geval die betrokke verweer nie gebruik sal kan word nie.

10.2 Voorts maak die voorgestelde wysiging dit duidelik dat die besit van sodanige toestelle op tye of in plekke anders as dié gespesifiseer in 'n magtiging deur die Raad uitgereik onwettig sal wees.

**11. Voorgestelde invoeging van artikel 70A in Wet 4 van 1996**

Hierdie voorgestelde artikel verplig die houer van 'n operateurlisensie om die Raad in kennis te stel van enige kullery of oortreding van die Wet, of enige dergelike wet, wat ontdek word by sy onderneming of by enige ander onderneming in enige jurisdiksie wat geheel en al of gedeeltelik bedryf word deur die persoon wat sy dobbelarybesigheid bedryf. Dit sal die Raad in staat stel om die bedryfsintegriteit van die lisensiehouer of -operateur, asook kul-aktiwiteite, op 'n deurlopende en inklusiewe grondslag te moniteer en hom op dié manier in 'n posisie plaas om 'n deurlopende evaluering te doen van die volgehoue geskiktheid (ingevolge die kwalifikasiekriteria in die Wet vervat) van hierdie partye. Die lisensiehouer se aanspreeklikheid teenoor die Raad word ook verhoog deur die voorgestelde verslagmeganisme, wat van

die lisensiehouer sal verwag om ’n uiteensetting te gee van watter maatreëls hy getref het of gaan tref om met die beweerde gevalle van kullery of oortredings te handel.

**12. Voorgestelde invoeging van artikel 72A in Wet 4 van 1996**

Die voorgestelde invoeging van artikel 72A maak voorsiening vir ’n meganisme waardeur die Raad, indien hy tevrede is dat ongeskikte bedryfsmetodes deur die houer van ’n operateurlisensie gebruik of toegelaat word, die lisensiehouer skriftelik in kennis kan stel daarvan en kan aansê om die praktyk te staak of reg te stel. Die voorgestelde subartikel (3) van hierdie artikel versterk die regulerende aspek van hierdie funksie deur te bepaal dat, indien ’n lisensiehouer ongeskikte bedryfsmetodes opsetlik of volhardend gebruik of toelaat dat dit so gebruik word, dit aanleiding kan gee tot die opskorting of intrekking van die lisensie, of dié ander dissiplinêre handeling deur die Wet goedgekeur, wat die Raad geskik ag.

**13. Voorgestelde invoeging van artikel 72B in Wet 4 van 1996**

Die voorgestelde artikel bring groter duidelikheid oor handelings en versuime wat na die mening van die Raad ongeskikte bedryfsmetodes uitmaak, sowel in die algemeen as in die besonder. Die bepaalde handelings en versuime wat gemeld word, het grotendeels betrekking op handelings en versuime wat die beskerming van die dobbelpubliek nadelig sal raak, die besit of gebruik van kul- of dergelike toestelle, die verkoop van kredietinstrumente en die misbruik van kredietfasiliteite.

**14. Voorgestelde wysiging van artikel 77 van Wet 4 van 1996**

Die voorgestelde wysiging van artikel 77 van die Wet is daarop gemik om voorsiening te maak vir die outomatiese verbeurdverklaring van items waarop ingevolge die Wet of die Strafproseswet beslag gelê is, wanneer ’n persoon ten opsigte van sekere oortredings van die Wet skuld erken het deur ’n skulderkenningsboete te betaal. In so ’n geval, sal dieselfde prosedure as dié van toepassing wanneer ’n persoon in ’n geregshof skuldig bevind word, toegepas word.